STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF IPHEPHANDABA NEWSLETTER

UITGAWE 54 - 2019 • EDITION 54- 2019

Van die Burgemeester From the Mayor

Adv. Gesie van Deventer
UitvoerendeBurgemeester/ Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

Liewe Inwoners

Pryse vir ons Erfenis

Watter lekker nuus om vir u te vertel van 2 wonderlike toekennings! Ek was so trots toe ons hoor dat ons Munisipaliteit se Erfenis Indeks, die Instituut vir Landskapsargitektuur in Suid-Afrika (ILASA) se Presidentsprys gewen het, asook die eerste plek in die meriete toekennings vir beste publikasie! U sal onthou dat ek u in 2018 van die Erfenis indeks vertel het. Dit is 'n in-diepte erfenisprojek wat elke hoekie van ons kulturele en omgewingserfenis in fyn detail op 'n kaart vaslê. Dit skep 'n in-diepte interaktiewe databasis van al ons erfenis en gaan ons in die toekoms in staat stel so te beplan dat ons ongelooflike kultuur en historiese erfenis se belangrikheid erken en bewaar word. Ons kan nou so beplan en projekte so goedgekeur dat ons die belangrike erfenis bakens kan bewaar en beskerm.

Dit is die heel eerste studie van sy soort in Afrika en een van slegs vyf ander soortgelyke studies wat internasionaal gedoen is. Ons is baie trots op die projek en dit gaan 'n groot bydrae maak tot ons beplanning in die toekoms. Indien u meer van die projek wil weet, gaan kyk gerus by http://www.stellenboschheritage.co.za/stellenbosch-municipality-heritage-inventory-2.

Miskien moet ek tog vir u vertel hoe die proses van beplanning en goedkeuring van ontwikkelingsprojekte verloop. Die aansoeker (m.a.w. die beoogde bouprojek of ontwikkeling), moet 'n aansoek indien by ons beplanningsafdeling. Daar is 'n fyn balans tussen ontwikkeling/groei en

Dear Residents,

Awards for Heritage

It is so wonderful to share our news of two wonderful awards with you! I was so proud when I heard that our Municipal Heritage Inventory won the Institute for Landscape Architecture's (ILASA) President's Award as well as the first place in their merit awards for best publication! You will remember that I spoke about the Heritage Inventory back in 2018. It is a comprehensive heritage project that captures every minute detail about our cultural and environmental heritage on a map. It creates a detailed interactive database of all our heritage sites and will allow us plan in such a way that all the importance of our amazing cultural and historical heritage is recognised and conserved. We can now plan and approve projects in such a way to protect and preserve historical landmarks.

This is the first study of its kind in Africa and one of only five similar studies that has been undertaken internationally. We are very proud of this project and it will make a significant contribution to our planning in the future. If you want to learn more about the project, please visit http://www.stellenboschheritage.co.za/stellenbosch-municipality-heritage-inventory-2.

I should also tell you about how the planning process and the approval of development projects work. The applicant (in other words the planned building project or development) must submit an application to our planning department. There is a very fine line between growth/development and conservation.

SPAAR WATER
SAVE WATER

Nuwe WhatsApp Nr/
New WhatsApp Number
Bl 2/ Pg 2

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY SSI INITIATIVE

bewaring. Soms kry ek ’n dwarsklap van albei kante as daar ’n aansoek goedgekeur of afgekeur word! Die spreekwoordelike wysheid van Salomo is in elke geval nodig omdat ek die appèlowerheid is in aansoeke en dus die swaar las dra om te besluit of ontwikkeling of bewaring in die aansoek voor my die swaarste weeg. U kan egter verseker wees ek spandeer geweldig baie tyd en aandag aan elke aansoek en vra dikwels addisionele regsadvies om seker te maak ek fouteer nie. En uiteraard is my goedkeurings of afkeurings vatbaar vir hersiening in die Hoër Hof as iemand sou dink ek het fouteer. Tot dusver was ek gelukkig dat dit nog nie gebeur het nie.

Nuwe WhatsApp nommer

Ons probeer dit altyd so maklik as moontlik maak vir inwoners om diensleweringsprobleme aan te meld. Dit is ook belangrik dat probleme reg aangemeld word, anders kan ons dit nie vinnig regstel nie. Daarom het ons ingenieursdienste ‘n WhatsApp nommer beskikbaar gestel om dit nog makliker te maak vir inwoners om probleme aan te meld. Enige probleme met water, elektrisiteit, vullisverwydering, paaie, stormdreine en area skoonmaak kan deur ’n vinnige WhatsApp aangemeld word. Al wat u moet doen is om die volgende nommer op die foon te stoor: 0769510768. Wanneer u ’n probleem ervaar of iets wil aanmeld kan u net ’n boodskap na die nommer stuur. Deel gerus die nommer met u bure en vriende. Die nommer word 24 uur per dag beman, so dit kan enige tyd gebruik word. Hoe vinniger ons bewus word van ’n probleem, hoe vinniger kan ons dit aanspreek!

Konsepbeleide en verordeninge

Dit is baie lekker om te sien hoe beleide, verordeninge en strategiese planne waaraan ons baie hard werk om die regte struktuur te vestig waarbinne ons moet funksioneer, voorgelê word aan die Raad. Die burokratiese prosesse vorder soms stadig as gevolg van al die wetlike vereistes, maar ons begin nou momentum opbou en die afgelope paar jaar se werk lewer vrugte. Ek het reeds in my vorige nuusbrief genoem dat ons besig is met verskeie konsep beleide wat handel oor onder andere informele handelaars, straat- en plekname en ‘n verordening oor probleem eiendomme.

Ons is ook besig met konsep beleide wat handel oor die implementering van ‘n ondersteunende wetstoepassingsmag. Die doel hiervan is om gekwalifiseerde individue die geleentheid te gee om op ’n vrywillige basis deel te word van die munisipale wetstoepassingsdienste. Hierdie vrywilligers kan ook die geleentheid kry om deel te word van uitgebreide openbare werke programme en sal so ‘n toelae kan verdien. Die doel van die beleid is om ons sigbare polisiëring te verbeter en so misdaad te verhinder en te bekamp. Dit gee inwoners die geleentheid om ervaring op te doen en hulle kan later kwalifiseer vir vakante posisies binne ons wetstoepassingseenheid.

Ons het ook ‘n konsepbeleid saamgestel wat kyk na die moontlikheid vir wetstoepassingsbeamptes wat deur ander instansies befonds word. Die doel hiervan is om ons wetstoepassingskomponent te vergroot deur gebruik te maak van befondsing van eksterne rolspelers, privaat besighede, nie-regeringsorganisasies of ander privaat rolspelers wat sal belangstel. In praktyk sal dit beteken ’n buurt of omgewing betaal vir ’n wetstoepasser in ons diens, maar die beampte fokus net op daardie buurt of besigheid en doen nie ander werk nie. Dit sal ook kan bydrae tot addisionele voete op die grond wat

Sometimes I am attacked from both sides when an application has been approved or rejected! The proverbial wisdom of Solomon is needed in every case because I am the appeal authority in these applications and I therefore carry the heavy burden to decide whether development or conservation ways heaviest in each case. You can however be assured that I spend a lot of time and attention on every application and I often ask for additional legal advice to ensure that I do not make mistakes. And of course my approvals or rejections can be taken on review at the High Court, if someone thinks I made a mistake. Thankfully, this has not yet happened.

New WhatsApp number

We always try to make it as easy as possible for our residents to report service delivery issues. It is important that issues are reportedly correctly, otherwise we cannot resolve it as quickly as possible. That is why our engineering services made a WhatsApp number available to make it even easier for residents to report issues. Any problems with water, electricity, waste removal, roads, storm water drains and area cleaning can quickly be reported by sending a WhatsApp message. All you have to do is to save the following number on your phone: **0769510768**. When you see or experience an issue or you want to report something, just send a message to this number. Please share this number with family, neighbours and friends. This number is monitored 24 hours a day so you can use it at any time. The earlier we learn about a problem, the earlier we can fix it!

Draft Policies and By-Laws

It is a wonderful feeling to see how policies, by-laws and strategic plans that we worked very hard on to establish the correct structures in which we function, is presented to council. The bureaucratic processes are sometimes very slow because of all the legal requirements but we are starting to gain momentum and we are starting to see the fruits of the past few year’s labour. I already mentioned in my previous newsletter that we are busy with various draft policies with regards to informal traders, street and place names as well as a by-law on problem buildings.

We are also busy with draft policies that is dealing with the implementation of an auxiliary law enforcement service. The purpose with this is to provide qualified individuals with the opportunity to become part of the municipal law enforcement unit on a voluntary basis. These volunteers could also get an opportunity to become part of the expanded public works programme and could earn a stipend. The purpose of this policy is to improve our visible policing and to prevent and reduce crime. It gives residents the opportunity to gain skills and experience and they will be able to qualify for vacant positions within law enforcement.

We have also assembled a draft policy that looks at the possibility for law enforcement officials who are funded by other organisations or business. The purpose of this is to enlarge our law enforcement component through funding from external stakeholders, private businesses, non-governmental organisations or other external role-players who might be interested. In practice this will mean that if a neighbourhood or area pays for a law enforcement official in our service, this officer will focus only on the specific neighbourhood or business and he will not do other work. This will also help with adding additional feet on the ground

sal help met sigbare polisiëring. Hierdie konsepte is tans uit vir publieke deelname en ek wil u vra om asseblief insette te lewer sodat ons die beleid kan aanpas soos dit ons inwoners ten beste kan dien.

Ek wil u daaraan herinner dat die nuwe Soneringskema-verordening op 1 November 2019 in werking tree. Die nuwe verordening is in Mei 2019 deur die Raad aanvaar en het op 27 September 2019 in die provinsiale koerant verskyn. Die kaarte en verordening is alles beskikbaar op ons webblad, gaan kyk gerus (https://www.stellenbosch.gov.za/documents/planning-and-building-plans/planning-portal/zoning-schemes/).

Nasionale Lug Kwaliteit Regering Lekgotla
Ons aanvaar daagliks dat ons lug inasem, maar dink selde daaraan dat dit onontbeerlik is vir gesondheid en lewe. Eers wanneer ons lug erg besoedel is, besef mense die waarde van onbesoedelde lug en lugkwaliteit. Ek het onlangs die voorreg gehad om die Nasionale Lug Kwaliteit Regering Lekgotla toe te spreek. Die kongres word jaarliks gehou en bring verteenwoordigers van plaaslike, provinsiale en nasionale regeringsvlakke van regoor die land saam om die gehalte van ons lug te bespreek en te kyk na die kwaliteit en beskerming van ons lug oral in die land.

Hierdie jaar het die kongres in ons streek plaasgevind en dit was vir my ongelooflik interessant om met ons beleidmakers en kundiges te gesels. Die breër Stellenbosch gebied en die Wes-Kaap in geheel loop nie noodwendig deur onder grootskaalse industriële lugbesoedeling nie. Daar is egter dele van die land, veral in Mpumalanga, waar lugbesoedeling so toegeneem het dat dit internasionaal geag word as van die mees toksiese omgewings in die wêreld. Lugbesoedeling het ‘n geweldige omgewingsimpak. Dit dra by tot klimaatsverandering wat lei tot droogtes en vloede en het toenemend ‘n baie negatiewe impak op gesondheid. Die Wes-Kaap het hierdie jaar van die hoogste stuifmeeltellings in jare aangeteken. Baie meer mense is dan ook siek van allergieë, sinusverwante siektes en longkwale. Dis ongelooflik hoeveel sterftes, en veral kindersterftes jaarliks wêreldwyd plaasvind as gevolg van swak lugkwaliteit! Ek self was verstom om die statistieke te lees!

As munisipaliteit het ons ‘n verordening in plek om lugbesoedeling aan te spreek asook luggehaltebestuursplan wat ons gereeld nagaan en opdateer soos nodig. U moet asseblief help om veral klimaatsverandering en lugbesoedeling teen te werk deur ‘n paar eenvoudige aanpassings te maak.

Lugversorgers in motors en geboue genereer groot hoeveelhede CO2 wat in die atmosfeer ingepomp word. Skakel dit af wanneer vertrekke nie gebruik word nie en maak net gebruik daarvan wanneer dit werklik nodig is. Plant bome om u koolstofvoetspoor te verminder. Spekbome is veral ‘n wonderlike plant omdat dit droogtebestand is en navorsing toon dat dit een van die mees effektiewe plante is om koolstofdioksied uit die lug te verwyder, en dit aard baie goed hier by ons!

E-Bosch Fees van Talente
Die E-bosch Fees van Talente het Erfenismaand afgesluit op die Braak met stalletjies en opvoerings. Dit was wonderlik om op ’n pragtige lenteoggend daar rond te loop en heerlike kos en mooi goed te koop. Ek wens ek kon alles saamvat huis toe!

and assist with visible policing. This concept is currently out for public participation and I want to ask you to please give your input so that our policies can be adjusted to best serve our residents.
I also want to remind you that the new Zoning Scheme by-law is coming into effect on 1 November 2019. The new by-law was approved by Council in May 2019 and was published in the Provincial Gazette on 27 September 2019. The maps and the by-law are available on our website. Please visit https://www.stellenbosch.gov.za/documents/planning-and-building-plans/planning-portal/zoning-schemes/.

National Air Quality Governance Lekgotla
We often simply accept the fact that we breathe clean air without thinking about how critically important it is for health and life. Only when our air is severely polluted, do people realise the value of unpolluted air and good air quality. I recently had the privilege of speaking at the National Air Quality Governance Lekgotla. This conference is held every year and brings together representatives from local, provincial and national government levels from across the country to discuss the quality of our air and how we go about protecting our good air quality.

This year the conference was held in our region and it was incredibly interesting to talk with our policy makers and experts. The broader Stellenbosch and Western Cape is not necessarily affected by large scale industrial air pollution. There are however areas in the country, in particular areas in Mpumulanga, where air pollution has increased to such an extent that it is internationally regarded as some of the most toxic pollution in the world. Air pollution has a massive impact on the environment. It contributes to climate change which results in droughts and floods and it is increasingly negatively impacting our health. The Western Cape had some of the highest pollen counts this year. Many people became ill due to allergies, sinus-related illnesses and respiratory issues. It is incredible how many deaths, especially of children, occur annually due to poor air quality. I was shocked when I read the statistics.

As a municipality we have a by-law in place to address air pollution as well as an air quality management plan which we review often and update as needed. Please help us to address and prevent air pollution and climate change by making some simple lifestyle changes.

Air conditioners in cars and buildings generate large quantities of CO2 that is pumped into the atmosphere. Shut if off when you are not using a room or venue and only use it when it is absolutely necessary. By planting trees you can reduce your carbon footprint. Spekboom (aka Elephant Bush) is a wonderful plant and research has shown that it is one of the most effective plants for removing carbon dioxide from the air and it grows very well in our region!

E-bosch Festival of Talents
The E-bosch Festival of talents concluded Heritage Month with stalls and performances on the Braak. It was a wonderful spring morning to walk around and to buy good food and beautiful handmade crafts. I wish I could have taken it all home with me! Thank you to Dr Sias Mostert and his team as well as all the exhibitors who participated. I hope it goes from

Baie dankie aan Dr Sias Mostert en sy span en alle uitstallers wat deelgeneem het. Ek hoop dit groei van jaar tot jaar en word net groter en beter.

Vervoermaand
Oktober is vervoermaand en ons vier veral die nie-motoriese vervoermiddels soos fietse. As ons almal meer stap of fietsry, sal ons paaie baie stiller wees, parkeerplekke baie meer beskikbaar wees en almal meer gesond wees. Kom ons probeer almal saamryklubs vestig of meer fietsry en bring so 'n positiewe verskil in ons klimaatverandering en lugbesoedeling.

Geluk aan die nuwe kansellier
Baie geluk aan oud Regter Edwin Cameron wat verkies is as die nuwe kansellier van die Universiteit van Stellenbosch. Regter Cameron het vroeër die jaar afgetree as 'n Regter van die Konstitusionele Hof. Hy het 25 jaar diens gedoen as 'n Regter op verskeie vlakke en ons is bevoorreg om hom te verwelkom as nuwe kansellier. Die huidige kansellier, Dr Johann Rupert se termyn verstryk aan die einde van 2019.

Die finale eksamens vir ons matrikulante en studente is uiteindelik hier. Alle voorspoed met julle voorbereidings. Gee julle beste vir hierdie laaste stukkie van jul skoolloopbaan ! Hierna is 'n lekker lang vakansie julle beloning!

'n Onbekende persoon het gesê: " 'n Dag voel soos 'n ewigheid, maar 'n jaar is in 'n oogwink verby". Dit is presies hoe ek op die oomblik voel omdat die jaareinde naderkom met groot spoed. Daar is egter nog baie dinge wat moet gebeur. Kyk uit vir ons Liggiesfeeste wat vanjaar ook buite Stellenbosch dorp gehou word. Dis my droom dat elke dorpie uiteindelik hul eie liggiesfees kry. Ek gee volgende maand vir u meer besonderhede, maar wil tog vertel dat ons nou 'n proses ingebring het om plaaslike talent te evalueer en keur en dan die bestes te gebruik by die liggiesfees. Dit voel net verkeerd dat mense van buite kom optree terwyl ons soveel eie talent het wat smag om op te tree en te wys wat hul kan doen. Hou asseblief die media dop vir die datums vir oudisies. En ondersteun asseblief ons plaaslike Kersmarkte wat binne die volgende paar weke gaan plaas vind. Dis soveel beter om geld in ons eie gemeenskap terug te ploeg as elders. U sal my beslis êrens raak loop, want ek is 'n passievolle markbesoeker! Dit is voorwaar my gunsteling seisoen.

Tot volgende keer.

Beste Wense
Burgemeester Gesie

strength to strength each year and becomes bigger and better. I'm already looking forward to next year's festivities.

Transport Month
October is Transport Month and we are celebrating non-motorised transport like bicycles. If we all walk or cycle more, our roads will be less congested, more parking will be available and everyone would be healthier. Let's try and establish some lift clubs or cycle to where we want to be so that we can contribute to fighting climate change and preventing air pollution.

Congratulations to the new Chancellor
Congratulations to retired Justice Edwin Cameron who has been elected as the new Chancellor of the University of Stellenbosch. Justice Cameron retired earlier this year as a Judge of the Constitutional Court. He served as a judge for 25 years and worked at various levels. We are privileged to have him as the new chancellor. The term of the current chancellor, Dr Johann Rupert, ends at the end of 2019.

The final exams for the matrics and the students are finally here. All the best for your preparations. Give it your best for this final stretch of your school careers. Your reward is a nice long holiday!

An unknown person once said: "A day feels like forever, but a year goes by in the blink of an eye". This is exactly how I feel at the moment with the end of the year fast approaching. However, there is still a lot that must happen. Look out for our Festival of Lights that is also taking place outside of Stellenbosch town. It is my dream that every town gets their own festival of lights. I will give more details next month because I want to tell you about the process we have started to identify, evaluate and select local talent. It just feels wrong that people from outside comes in to perform while we have so much of our own talent that deserves to perform and show us what they are capable off. Please keep an eye out for the audition dates in the local media. I also encourage you to support our Christmas Markets that will be starting soon. It is so much better to give back to our own community. You will definitely find me somewhere because I am very passionate about local markets. It is truly my favourite season.

Until next time.

Best Wishes
Mayor Gesie